# Bergsig Boodskap

**4 - 11 Oktober 2015**

Sy ligdraers
NG Kerk Durbanville-Bergsig




**4 Oktober 2015,**

09:00 **Familiediens**
Ouditorium
*Ds. Schalk van Wyk*

**Deuroffer: Biblia/Evangelie aan Seelui**

± 30 000 seevaarders uit meer as 70 lande besoek Kaapstad-hawe jaarliks. 'n Sending-geleentheid op ons voorstoep.

**11 Oktober 2015,**

09:00 **Familiediens**
Ouditorium
*Bruce Hebel*

**Deuroffer: Borg-'n-Kamer**

Minder bevoorregte bejaardes word deur die projek befonds. Meestal deur verblyfonkostes te dek.




NEON, Grieks vir nuut of nuwe, is 'n spasie wat geskep word deur die jeug vir die jeug, waar kinders (van graad 7 af) hulself kan wees en saam tyd kan spandeer as deel van God se Koninkryk. NEON vind elke afgekondigde Vrydag plaas in die Jeuglokaal tussen 19:00-21:00.

Die spasie skep die geleentheid vir die jeug om met ander te kan "connect" by die kerk, maar buite die atmosfeer van 'n diens. Dis 'n aand waar gebroke harte bymekaar kan moed skep deur verhoudings te bou en goeie musiek te luister. Ons vat ook 'n halfuur om met die kinders te praat oor sekere onderwerpe wat hulle kan beïnvloed. Ons wil ook in die volgende kwartaal 'n gebedsmuur/droommuur skep waar die kinders al hulle drome en gebede kan deel en waar ons vir mekaar kan bid.

Ons het wel 'n paar benodighede om NEON vir die kinders lekker te maak.

- Pool-stokke
- Pool- en tafeltennis balle
- Swartbordverf waarop kryt kan skryf.
- Enige speletjies wat die jeug sal geniet.

Ons sal enige donasie of hulp van die gemeente waardeer en sê by voorbaat dankie.

Vir donasies en meer inligting kontak Carli Venter by 084 694 6105



## Koninkrykbestuursveldtog

Ons leer in Koninkrykstyd om die wonderlike gawes wat ons ontvang het, elke dag uit te leef en verantwoordelik te bestuur. In alles moet ons God eer vir die gawes wat Hy ons gee.

Ons is besig met die Koninkrykbestuursveldtog en behandel Die Wonderwerker as preekreeks.

Onthou dat ons vandag, 4 en 11 Okt. die reeks onderbreek omdat dit vakansie is.

Dit bied opvangtyd vir die wat agter geraak het.

By die afsluiting van die Koninkrykbestuursveldtog op 25 Okt. neem ons weer die koeverte op. Koeverte en ander inbetalings is steeds welkom tot Febr. 2016.


**Ons gaan voort op:**

18 Okt. -
Die Waterloper
25 Okt. -
Die Oogspesialis
1 Nov. - Die Grafdief

Ons het al **R23 180,00** ingesamel. Help ons asb. om die mikpunt te bereik.

**Durbanville-Bergsig eer God vir Sy voorsiening en as die Een wat alles onderhou in die Skepping. Alle eer aan Hom.**




**Let daarop dat tydens langnaweke en vakansies daar slegs een familiediens om 9:00 plaasvind.**

## NUUSFLITS:

- 9-13 Okt: Bruce Hebel: Forgiving Forward
- 13 Okt: Date night seminaar
- 16 Okt: Uitreikenaweek
- 25 Okt: Nagmaal

# Vanuit die Uitreikkantoor ...

## Bergsigprojekte op ons voorstoep

### GOLDEN GAMES

Op 22 Oktober vind die jaarlikse GOLDEN GAMES speletjiesoggend vir seniors plaas. Mense wat wil deelneem aan die oggend, gee jul name in by Elize Botma 021 976 4106.

### MOSLEMBEDIENING

Hierby is die datums vir die jaar se Moslemuitreike:

**Okt: 17 en 31, Nov: 14 en 28, Des: 5**

Bel vir Andre van der Westhuizen om meer hieroor te hoor 074 330 4431.

## Bergsig-Uitreikhulp

### STRAATUITREIKE:

**Ons vra gebed vir persone bedien deur ons straatuitreike:**

- 4 manne wat vaste werk soek
- A…..Moslem, baie soekend na die ware geloof. Bid asb. vir oorgawe
- D…..jong ou, weet van God, het bietjie afgedwaal, drink tans en vra vir gebed vir die regte keuses in die lewe

## Bergsigprojekte oor grense




# Gemeentevraelysterugvoer

Ons deel met die gemeente dit waaroor ons feesvier en sake wat aandag verlang.

Vir die wat belangstel, daar is 'n verslag beskikbaar by die kerkkantoor.

Tans is die lynhoofde besig om te vergader met hul mense om implikasies van die gemeentevraelys te bespreek en beplanning te doen vir 2016. Dit wat lynhoofde bevind het, gaan die personeel op 14 Okt met mekaar bespreek. Daarna sal die bedieninge en leierskap van die kerk 24 Okt daaroor reflekteer.

Like — Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers op facebook

## GEBED VIR SENIOR LIDMATE

**Hemelse Vader,**

Ek besef al meer dat die jare aanstap en dat ek nie meer alles kan doen wat ek voorheen gedoen het nie.

U weet dat ek ook maar bang is vir die ouderdom – nie om dood te gaan nie, maar om té lank te lewe.

Ek vrees dat ek kort voor lank
vir ander mense 'n las kan wees
en myself nie meer sal kan help nie.
Help my om rég oud te word, Here,
sodat my gees jonk sal bly
en my geloof helder.
Dankie vir die versekering dat U
my ook sal bystaan as ek oud geword het.
Maak my vir baie 'n wonder Here,
omdat hulle u werke in my lewe kan raaksien
en laat my vir ander vertel
van die groot dinge wat U vir my gedoen het. **Amen**

> Oktober is Seniormaand. Die tyd van die jaar beklemtoon ons hoe belangrik die seniors in ons lewe is. Hul bydrae tot die samelewing word gevier.

**Bring gerus enige toeskroef-glasbottels (gewas) van enige grootte asook blikkies kerk toe asb. Alba 083 462 0718 is besig met 'n nuwe projek.**

# Uitreikenaweek 16 - 18 Okt

Bid asb. vir ons Uitreikenaweek wat beplan is vir 16 tot 18 Oktober.

Vrydagaand skop ons die naweek af met 'n ete vir al die projekleiers. By die geleentheid sê ons dankie vir hul toegewydheid deur die jaar.

Sondag 18 Okt. se preek handel oor Die Waterloper (as deel van Die Wonderwerkerpreekreeks).

Klasie en Ida van Heerden, ons sendelinge in Thailand, is ook met besoek hier as deel van die naweek.

Ons nooi almal om 18 Okt. tussen en na eredienste die Uitreikeprojek Ekspo te besigtig en met die projekleiers te gesels.

Eksterne uitstallers soos MES en Durbanville Kinderhuis sal ook teenwoordig wees.

Akkoord sal soos gewoonlik versnaperings in die binnehof verkoop. Bring dus jou geldjie saam.

Vir navrae bel Annamaré Visser of e-pos haar gerus.

**Foto:** *Fisantekraal Centre for Development wys trots hier hul gebak!*



## NG GEMEENTE DURBANVILLE-BERGSIG
## VAKATURE: LERAAR VERANTWOORDELIK VIR SENIORBEDIENING
## (Deeltydse Vastetermynaanstelling)

Durbanville-Bergsig is 'n makrogemeente in die Noordelike Voorstede van Kaapstad. Ons het 400 senior lidmaatbesoekpunte binne die gemeente, wat versprei is tussen vyf aftree-oorde en 80 privaatwonings.

Die betrekking behels 'n omvattende bediening van ons senior lidmate. Die posbekleër sal deel van die gemeente se bestuurspan uitmaak en ook die gemeente op die Durbanville Senior lidmateforum verteenwoordig.

Dit is 'n geleentheid vir iemand met 'n passie vir seniorlidmate. 'n Een-jaar termynaanstelling sal van toepassing wees.

Belangstellendes kan hul CV's stuur aan Rian du Toit, voorsitter van die Diensverhoudinge-kommissie, e-pos:

rian@agro-tech.co.za. Navrae kan telefonies gerig word by 082 779 6150.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 Oktober 2015 en die beplande aanstellingsdatum is 15 Januarie 2016.

Die grootste uitverkoping nog van Christelike lektuur in die Kaap vind plaas van volgende Saterdag 3 Oktober tot Saterdag 10 Oktober by Hoërskool DF Malan in Bellville.

## VERANDERINGE VAN ADRES, SELFOONNOMMER OF E-POS.

Dit is 'n groot gemeente en ons weet nie as jy trek nie. Laat weet asb. vir Elize, die administratiewe beampte indien daar enige veranderinge in bogenoemde plaasvind. Om kommunikasie te vergemaklik sal dit baie waardeer word as jy help. Veral e-pos adresse verander baie. Laat weet by: administrasie@bergsigdv.co.za of 021-976 4106 x115

# FORGIVING FORWARD

**Unleashing the Forgiveness Revolution**

Bruce en Toni Hebel is 'n egpaar van Amerika wat 10 Oktober 'n seminaar aanbied oor vergifnis. Dit vind by Bergsig plaas vanaf 8:30 - 16:00. Kaartjies is te koop by Computicket teen R300 per persoon. Dit sluit 'n ete, tee en koffie in.



Op 11 Okt. is ons bevoorreg dat Bruce by Bergsig preek en iets deel van dié bediening waarin hulle staan.

Op 9 Okt. praat hy by die TGIF mannegeleentheid en op 13 Okt. by die TGIF vrouegeleentheid.

Die seminaar bied egter meer omvattende inligting rakende die tema aan. Die erediens asook beide TGIF geleenthede ondervang nie die seminaar nie. Die seminaar is dus 'n goeie belegging as jy meer te wete wil kom oor vergifnis en as jy "struggles" het in die verband.

**Hulle praat onder andere oor:** *The freeing power of forgiveness (How to be free from depression, fear and addiction) • How to help others be free through forgiveness • What is forgiveness anyway? • Learning the 7 protocols of forgiveness • How to know you've forgiven completely • The difference between forgiveness, reconciliation and trust • How to live in forgiveness daily and how to be free from the past.*

## Ons gaan piekniek hou

Op 29 November hou ons piekniek by die kerk na die tweede diens.

Meer inligting volg later hieroor

## Program vir die week:

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| DOOP<br>BIDDAG VIR BEJAARDES<br>~~08:15 Klassieke Diens (Ouditorium)~~<br>~~10:00 Informele Diens (Ouditorium)~~<br>Deuroffer: Biblia/Evangelie aan Seelui<br>16:00 Nagmaal Fairtrees<br>SA MARINE-WEEK<br>9:00 Familiediens<br>4 | 5 | 6 | 7 | 19:00 Authentic Manhood 1<br>8 | 05:30 TGIF Manne<br>9 | 10 |
| ~~08:15 Klassieke Diens (Ouditorium)~~<br>~~10:00 Informele Diens (Ouditorium)~~<br>Deuroffer: Borg 'n kamer<br>9:00 Familiediens<br>11 | SKOLE HEROPEN<br>16:00 Bybelskool Fairtrees<br>12 | 05:30 TGIF Vroue<br>13 | 19:30 Gebedsvuur<br>14 | Beplan Kategese:<br>18:00 Gr. 0 - 3<br>19:00 EE III<br>19:00 Gr. 4 & 6<br>19:00 Bybelskool<br>19:00 Authentic Manhood 1<br>15 | 05:30 TGIF Manne<br>UITREIKE NAWEEK<br>16 | 17 |








Dit is tyd om vir die jaarlikse gemeentekamp te bespreek.

Beskou dit as 'n kort vakansie wegbreek VOOR die vakansie.

Daar is nog staanplekke beskikbaar. Bel gerus vir Bea om jou plek te bespreek. Daar is 'n staanplek uitleg as jy vir jou 'n spesiale plekkie wil uitkies.

Hierdie kamp bied 'n goeie geleentheid om ander lidmate te leer ken en goeie vriendskapsbande te smee.

Bring ook vriende al is hulle nie in ons gemeente nie. Daar is genoeg plek.




scan to donate now

zapper donate with MasterCard VISA and many more

www.zapper.com

Snap here to pay

SnapScan

## Gebruik jou slimfoon om jou bydrae te maak.

Bergsig het Zapper en Snapscan as betaalmetode geïmplementeer om bankkollektes en dankoffers te betaal.

Laai gerus die applikasie op jou selfoon af. (Dit is handig oral waar mens gaan en 'n slimfoon gebruik om betalings te maak.)

Die Zapper en Snapscan blokkies is by die ontvangstoonbank aangebring asook teen die glasvensters op-pad na die binnehof vir maklike gebruik.

Bel Pieter Henning, indien daar navrae is, by 021 976 4106.

**Geniet die gerieflike betaalkanaal. Ons sien reeds hoe maklik dit nou vir mense is om hul bydrae te maak.**

NG Kerk Durbanville-Bergsig

**NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810**

Straatadres
H.v. Boland- en Proteaweg
Durbanville 7550
**S33 48.966 O18 39.728**

Posadres
Posbus 479
Durbanville 7551

24 uur noodnommer vir geestelike & emosionele ondersteuning
**071 196 4191**
bergsig911@bergsigdv.co.za

Kantoor-ure
Ma tot Vry 08:00 - 1400
Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.

t 021 976 4106
f 021 976 9606
administrasie@bergsigdv.co.za
www.bergsigdv.co.za

Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers